

GETOOI IN FRAAIE BLOMMETJIES


Hekel net 152 kleine blommietjies, werk hulle aan mekaar vas . . . en jy het 'n pragtige hekelbloes!

onder redaksie van ANNINE VAN REENEN foto PETER HOOPER grimering en hare DESIRÉE model MICKEY van HEADS



Die roomkleurige bostuk is van Elle Summer Breeze gehekel. Die blommotief is sowat ses sentimeter in deursnee. Volg die maklike aanwysings en diagram om dit aan mekaar vas te werk.

eksklusief vir ROOI ROSE gemaak deur UNISPIN-ontwerpateljee patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN



MOULOSE TOPPIE

Patroon deur Ontwerpateljee,
UNISPIN

BENODIGDHEDE

Elle Summer Breeze (50-g-bolle): 6 bolle; Inox-hekelpen van 3 mm. Gebruik slegs die aanbevole hekeltare; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer; die hoeveelhede is gebaseer op deursneebenodighede en dus by benadering.

MATE


Om borsmaat van 81-91 cm te pas; lengte vanaf skouer 50 cm.

SPANNING

Een motief is ongeveer 6 cm in deursnee.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; vlg – volgende; herh – herhaal; gl – glip; gs – glipsteek; sp – spatie.



Detail van bostuk

EERSTE MOTIEF


Begin met 4 ks, lossies gehel.

1e rondte: Slaan 3ks oor, 11lb in laaste ks, gs in bopunt van 3ks.

2e rondte: 1ks, 2kb in agterkant van lus van elk van vlg 11lb, 2kb in agterste lus van gs, gs in 1e kb.

3e rondte: *1kb in vlg kb, slaan 1kb oor, (1lb, 3ks, 1lb) in vlg kb, slaan 1kb

DIAGRAM VIR LAS VAN BLOMMOTIEWE



oor, herh van * 5 keer, gs in 1e kb.**

4e rondte: 1kb, 3lb, 1ks, 3lb, 1kb in elke 3ks-sp tot einde, gs in 1e kb. Knip gare af.

2e EN VLG MOTIEWE

Soos eerste motief tot **.

4e rondte: *1kb, 3lb in vlg 3ks-sp, gs in middelste ks van ooreenstem-

mende "skulp" van 1e motief, 3lb, 1kb in dieselfde 3ks-sp op 2e motief*, herh van * tot * vir elke verbinding wat gemaak moet word, voltooi soos 4e rondte van 1e motief.

Hekel nog 152 motiewe. Volg diagram om vas te stel hóe motiewe geplaas moet word.

Stoom liggies.